SKOG Voorsaaidag trek nuwe baadjie aan en word SKOG Proewe Terugvoeringsdag

11 Maart 2010

Na gesprekke met verskeie rolspelers het die SKOG bestuur besluit om die tradisionele SKOG Voorsaaidag vanjaar te transformeer in ‘n nuwe formaat, ***‘n SKOG Proewe Terugvoeringsdag.*** Die medewerkers van SKOG kry dan die geleentheid om hul navorsingsresultate aan produsente bekend te maak. Daar sal ook ‘n informele geleentheid vir produsente wees om met navorsers en verteenwoordigers van landboubesighede skouer te skuur en die nuutste inligting en tegnologie te bespreek. Die oggend sal bestaan uit kort lesings oor, onder andere, die nuuste kultivarresultate, canola oesverliese, plantbeskerming en wisselboustelsels.

Die oggend word op 11 Maart 2010 op Langgewens Navorsingsplaas van die Departement van Landbou Wes-Kaap, tussen Malmesbury en Moorreesburg, aangebied en die program begin om 9 uur.

Na die oggendprogram sal daar vanaf 12:00 verversings te koop wees, terwyl almal uitstallings/stalletjies van die medewerkers kan besigtig en die navorsingsresultate op informele wyse oor ‘n glasie wyn bespreek. ‘n Volledige program is sopas beskikbaar gestel.

Alle belanghebbendes in die graanbedryf word hiermee hartlik uitgenooi om die dag by te woon en bywoning is gratis.